

Dekking vir Meganiese en Elektriese Onklaarraking

Verskaf dekking vir herstelwerk in die geval van meganiese en/of elektriese onklaarraking van gespesifiseerde huishoudelike toestelle.

Premiekwytstkeldingsdekking vir Uitdiensstelling en Oorbodigheid (slegs beskikbaar vir maandelikse polisse)

Betaal jou **allsure**-polispremies vir tot ses maande indien jou werkgewer jou uit diens stel.

Identiteitsdiefstal-dekking

Beskerms jou in die geval van identiteitsdiefstal, deur redelike uitgawes of koste te betaal:

- Om enige regsaksie wat deur 'n krediteur of invorderingsagentskap teen jou ingestel word te verdedig.
- Om enige siviele uitspraak wat onregmatiglik teen jou gegee is, te laat verwyder.
- Om die juistheid of volledigheid van enige inligting in jou kredietverslag te bevraagteken.
- Enige ander gespesifiseerde versekerde gebeurtenisse.

Tuiswerkgewers-arbeidgeskilversekering

Versekering vir alle bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik kan word na enige werklike of beweerde huishoudelike onbillike arbeidspraktyk.

Maklike eisproses

Om die vinnige verwerking van eise moontlik te maak, sluit jou **allsure**-polis die volgende in:

- 'n Uniforme bybetalingstruktuur – sodat jy altyd weet wat jou bybetaling sal wees, sonder onaangename verrassings wanneer jy eis.
- 'n Sneleisdienst – vir nie-motorverwante eise binne sekere perke.
- Geen wagtydperk indien jou voertuig gesteel word nie – jou eis word onmiddellik verwerk.
- Meerdoelige sentrums regoor die land – 'n vinnige en maklike manier om rybare voertuie wat in 'n ongeluk was, vir herstelwerk te laat goedkeur.

Waardetoevoegingsdienste ‡

Jou **allsure**-polis sluit ook outomaties hierdie buitengewone waardetoevoegingsvoordele in:

Swiftcare (0860 24 7365) – In 'n noodgeval by die huis of op die pad, sal jy met een oproep al die hulp kry wat jy nodig het.

Swiftcare is 24 uur per dag, 7 dae per week, 365 dae per jaar vir **allsure**-polishouers beskikbaar in Suid-Afrika, en met telefoniese toegang in buurlande.

Doeltreffende Ongeluksbestuuro oplossings

(0860 24 7365) – bied vinnige en doeltreffende insleepbystand na die naaste Mutual & Federal-herstelsentrum as jou Mutual & Federal-versekerde voertuig in 'n ongeluk beland.

Kritieke 5 MIV-voorkomingsplan

(0860 MF CARE - 0860 63 2273) – bied onmiddellik hulp en voorkomende behandeling vir toevallige blootstelling aan MIV deur verkragting, aanrading, naaldprik-beserings, motorvoertuigongelukke en ander vorms van blootstelling.

Dekking waarop jy kan staatmaak

As een van Suid-Afrika se voorste versekeraars beskerm Mutual & Federal sy kliënte al dekades lank teen finansiële verlies. Ons bly toegewyd om vir jou versekeringsoplossings soos **allsure** te bied – innoverende produkte wat deur uitsonderlike diens teen mededingende tariewe gerugsteun word.

Watter kriteria ook al vir jou belangrik is ten opsigte van 'n versekeringspolis – buigsaamheid, deursigtigheid, betroubaarheid – jy kan op **allsure** staatmaak om in al jou behoeftes te voorsien, met sy omvattende, allesinsluitende beskerming.

Beskerms jou bates met **allsure**

Vir onmiddellike dekking, kontak gerus jou makelaar of skakel ons direk by 0860 22 55 63. So nie, kan jy ons webwerf by www.mf.co.za besoek om meer inligting te kry.

‡ Beperkte beskikbaarheid vir Huisbystand

Hierdie brosjure is slegs vir promosiedoeleindes. Die volledige bepalinge, voorwaardes en uitsluitings ten opsigte van dekking is in die polisbewoording vervat. Alle dekking is onderhevig aan die terme en voorwaardes soos uiteengesit in die polisbewoording.

Voorraadkode: MF Marketing 001A Weergawe: 01/14 W/t:

allsure
jou omvattende
versekerings-
oplossing

MUTUAL & FEDERAL

ONS BESKERM WAT VIR JOU BELANGRIK IS. SEDERT 1831

'n Lid van die  **OLDMUTUAL** Groep



Versekering met 'n verskil

By Mutual & Federal is dit ons missie om aan ons kliënte voortreflike versekeringsoplossings te gee om hul bates te beskerm. Daarom stel ons graag **allsure** aan jou bekend – persoonlike versekering wat die meeste gebeurlikhede dek en wat by jou besondere behoeftes aangepas kan word.

Anders as baie ander polisse, bied **allsure** jou die gerief om feitlik al jou bates binne een omvattende polis te dek. Dit verskaf dekking vir jou huis en buitegeboue en die inhoud daarvan, jou persoonlike besittings en waardevolle artikels, jou motorvoertuie en bote, asook persoonlike aanspreeklikheidsdekking.

Al die dekking wat jy nodig het

allsure gee jou nie net die sekuriteit wat jy van 'n versekeringspolis verwag nie, maar ook uitsonderlike waarde vir geld. Ons reeks dekkingsopsies sluit in:

- **Huiseienaarsdekking** – beskerming van jou private huis en enige ander permanente verbeterings teen verlies of skade veroorsaak deur brand, ontploffing, natuurrampe, diefstal, insakking, eienaarsaanspreeklikheid en meer.
- **Huishoudelike Goedere-dekking** – daar is 'n keuse van twee opsies: **Volle Versekeringsdekking** vir die inhoud van jou private huis en buitegeboue teen brand, ontploffing, natuurrampe, diefstal en insakking, en sluit outomaties dekking vir regs aanspreeklikheid in. As jy glo jou huis is bestand teen inbrekers, is **Bepaalde Dekking** 'n opsie. Dit bied dieselfde voordele as Volle Versekering, behalwe dekking vir diefstal.
- **Dekking vir jou motorvoertuie, motorfiets, woonwaens en sleepwaens** – **allsure** bied Omvattende, Derde Party Brand & Diefstal- en Derde Party alleenlik-dekking om jou voertuie teen diefstal, kaping en skade weens 'n ongeluk te beskerm.

Die volgende addisionele voordele is outomaties ingesluit by jou motorvoertuigpolis:

- **Insleepkoste-dekking** indien jou versekerde voertuig in 'n ongeluk beskadig word. Hierdie voordeel sal slegs geld indien jy via die Mutual & Federal Doeltreffende Ongeluksbestuur-oplossingshulplyn by 0860 24 7365 reël dat die voertuig ingesleep word, anders sal beperkte kompensatie geld.*
- **Traumaberading-dekking** na 'n inbraak, poging tot inbraak, aanhouding of kaping.*
- **Vervangingskoste-dekking** vir verlies van of skade aan sleutels, slotte of afstandbeheerkonsoles (beperkte kompensatie)*.

Motoruurdekking is ook beskikbaar vir tot 30, 60 of 90 dae.

Jy het die opsie om jou basiese bybetaling te laat kwyt skeld in die geval van 'n eis (teen 'n klein ekstra premie), wanneer die gereelde bestuurder die ouderdom van 30 jaar bereik.

- **Alle Risiko-dekking** – verskaf dekking vir jou klere en persoonlike waardevolle besittings wat jy gewoonlik dra of uit jou private huis neem. Jy kan ook items soos fiets, selfone, kameras, juweliersware, brille, ens. spesifiseer om afsonderlik verseker te word vir die vervangingswaarde.
- **Persoonlike Aanspreeklikheidsdekking** - dek jou en jou gesin vir bedrae waarvoor jy regtens teenoor derde partye aanspreeklik kan wees ten opsigte van toevallige sterfte, besering of siekte, of toevallige skade aan eiendom.
- **Uitgebreide Aanspreeklikheidsdekking** is ook beskikbaar.

*Bepaalde dekking

Buigsaamheid en keuse

Wanneer jy 'n **allsure** Huiseienaars-, Huishoudelike Goedere- of Motorversekeringspolis het, het jy die keuse om enige van of al die volgende addisionele dekkingsopsies by jou **allsure**-polis te voeg:

Persoonlike Ongevalledekking

Bied Volle Dekking teen Toevallige Sterfte of enige Permanente Ongeskiktheid, Tydelike Ongeskiktheid en Mediese Onkoste voortspruitend uit enige ongeluk. Beperkte Dekking is beskikbaar vir Sterfte of Ongeskiktheid, Tydelike Ongeskiktheid en Mediese Onkoste voortspruitend uit 'n motorvoertuigongeluk alleenlik.

Watervaartuieversekering

Omvattende dekking om jou boot, jetski, rubberboot, ens. teen verlies of skade en jou teen aanspreeklikheid te beskerm.

Persoonlike Rekenaar-dekking

Vir rekenaarhardeware (tafel-, skoot- en notaboekrekenaars, ens.) en sagteware.

Regskoste-dekking

Sal jou regskoste betaal indien jy 'n siviele geding teen iemand aanhangig moet maak of jouself teen 'n siviele geding of strafregtelike aanklag moet verdedig. Dekkingsopsies vir R10 000 en R20 000 is beskikbaar.

Ontvallingskoste-dekking

Betaal vir uitgawes na 'n familielid se dood. Kies dekking vir jouself, jou gade, jou kinders en ouers wat by jou bly. Jou huishulp kan ook ingesluit word.

Hospitaalkontantplan-dekking

Betaal 'n daaglikse kontantvoordeel vir elke dag wat jy of 'n versekerde familielid in die hospitaal deurbring. Jy sal vir tot 365 dae gedek word vir een oorsaak (mits jou **allsure**-polis ten tyde van jou eis van krag is).